# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 294 · 3 MAART 2023**

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

## FRAMESBY SWEM MET 14 EERSTE PLEKKE WEG!

Swemuitslae vir OP Skole
22 swemmers word ingeskryf. 2 onttrek ongelukkig weens siekte.

Uit die 20 wat deelneem, behaal Framesby die volgende:
14 1ste plekke
7 2de plekke
7 3de plekke

Baie geluk aan Milla van der Merwe, Kelsi Oelofse en Jaco Strydom wat hul tyd in een of meer van hulle items verbeter het.

Ons wag op finale uitslae om te hoor wie gekies is om Oos-Kaap te verteenwoordig by SA-Skole.

Baie dankie aan elke swemmer wat met entoesiasme en volharding kom oefen en deelgeneem het. Julle maak ons trots.



## FILANTROPE HOU BUURT SKOON!

Die filantrope het op Vrydag 24 Februarie weer swartsak in die hand die Framesby-buurt se sypaadjies skoongemaak.



## VERJAARSDAE DIE WEEK

**SATERDAG • 4 MAART**
Waldo van As

**SONDAG • 5 MAART**
Jason Niemand
Kelsi Oelofse

**MAANDAG • 6 MAART**
Juffrou J. Schoeman
Abbiegail jv Vuuren
Mondercio Marx
Mieke Meiring
Lianca Saayman
Hugo Struwig
Ane vd Mescht
Reece v Loggenburg

**DINSDAG • 7 MAART**
Jonathan du Plessis
Leandra Giessing
Tuan Krugell
Annake van Antwerpen
Anri van Zyl
Sean Vermaak

**WOENSDAG • 8 MAART**
Nicole Birg

**DONDERDAG • 9 MAART**
Kian Adlem
Stiaan de Lange
Dylan Mclachlan
Vasti Stopforth
Nicholis Wessels

**VRYDAG • 10 MAART**
Leone Booysen
Morne Meiring
Marko Steenekamp



**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR: SUNRIDGE VILLAGE**

# FRAMESBY SPOG BINNEKORT MET NUWE KULTUURSAAL







SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste OuersTOETSREEKSROOSTER: 6 TOT 15 MAART 2023
GRAAD 8 TOT 12

Ek wil begin deur ons Hemelse Vader te bedank dat hy so mooi na die Framesby-familie kyk. Alle eer aan Hom!

Ouers, ek wil graag die volgende belangrike punte vir u uitlig:

A) TOETSREEKS – 6 TOT 15 MAART 2023
Aangeheg is die rooster met die tydsduur van elke vraestel bygevoeg.

B) 16 MAART 2023 – 31 MAART 2023
Skool gaan normaalweg voort na die toetsreeks op bogenoemde datums.

Ouers, ek bring dit onder u aandag en daar gaan streng opgetree word teen leerders wat gedurende bogenoemde tydperk afwesig is.

Rapporte sal op Vrydag, 31 Maart 2023 tussen 07:00 – 09:00 in ons kultuurfasiliteit by Die Kosblik beskikbaar wees. Daar sal op 31 Maart 2023 Graad 11 wiskunde-klasse plaasvind.

C) AFWESIGHEID VAN LEERDERS TYDENS MAART TOETSREEKS
Ouers, daar kan géén uitsonderings vir énige leerder rakende die toetsreeks gemaak word nie. Leerders skryf op die dae en datums soos op die toetsrooster aangedui. Ons kan nie die integriteit van die toetsreeks in gedrang bring nie.

Ek bring dit net weer onder u aandag: indien 'n leerder tydens die skryf van die toetsreeks afwesig is, moet 'n mediese sertifikaat/kliniekbrief ingedien word. Indien dit nie gebeur nie, ontvang 'n leerder 0 vir die betrokke vak.

Afsprake vir leerling- en/of lisensie kan nie in die toetsreeks plaasvind nie.

D)DATUMVERANDERINGS OP JAARPROGRAM
- ASA-atletiekkampioenskappe skuif na 23-25 Maart 2023 en sal te Pietermaritzburg plaasvind.
- SA Skole-kampioenskappe skuif na 2-5 April 2023 en sal te Germiston plaasvind.
- Paint Run skuif van 24 Februarie 2023 na 4 Augustus 2023.

E) TOETSREEKSREËLINGS - 6 TOT 15 MAART 2023
LOKALE

Leerders skryf in die volgende lokale:
Graad 12's in die saal – tree aan voor die skool op gras (tensy groep baie klein is)
Graad 11's in kamer 25 tot kamer 32
Graad 10's in kamer 2 tot kamer 9
Graad 9's in kamer 37 en 38, A1 tot A6
Graad 8's in die C-blok en die Voorlesinglokaal

SESSIE 1
Leerders meld 07:30 by hul lokale aan.
Leerders begin almal 08:00 skryf tot die einde van die skryftyd.

SESSIE 2 (SENIORS)
Leerders meld 11:30 by hul lokale aan.
Leerders begin almal 12:00 skryf tot die einde van die skryftyd.

SESSIE 2 (JUNIORS)
6 MAART – GRAAD 9 GESKIEDENIS
Leerders meld 10:00 by hul skryflokaal aan.
Skryftyd begin 10:30 tot die einde.

7 MAART – GRAAD 8 GEOGRAFIE
Leerders meld 10:00 by hul skryflokaal aan.
Skryftyd begin 10:30 tot die einde.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

F) SKAKEL VIR WOLKSKOOL VIDEO
‘n Video van ongeveer 7 minute is deur Wolkskool saamgestel vir ouers en leerders om op Wolkskool te registreer. Die skakel van hierdie video sal ook op die skool se Facebook bladsy gelaai word.
Dit bly ‘n belangrike hulpmiddel vir leerders en ouers kan ook hul kinders monitor.

https://drive.google.com/drive/u/3/folders/1h9P4trI_QClUY47lvlpJJADjL0effcNO

G) SPORTROOSTER TYDENS TOETSREEKS 6 – 15 MAART 2023
OEFENDAE EN TYE

BERGFIETS (GEWONE TYE)
Dinsdae 16:30 – 17:30
Donderdae 16:30 – 18:00

SKAAK (GEWONE TYE)
Woensdae 15:15 – 16:15
Donderdae 14:15 – 15:00

MUURBAL
8 Maart om 13:30 – 14:30
13 Maart om 13:30 – 14:30
15 Maart om 13:30 – 15:00

HOKKIE
6 Maart om 09:30 – 11:00 o/14 A Dogters
om 14:00 – 15:30 o/16 A Dogters & 2de Seuns
7 Maart om 12:30 – 14:00 o/16 B & C Dogters
om 14:00 – 16:00 1ste Seuns & Dogters
8 Maart om 09:30 – 11:00 o/14 A Dogters
om 14:00 – 15:30 2de & 3de Dogters
9 Maart om 09:30 – 11:00 Oop vir almal opsioneel
om 13:30 – 15:30 1ste Seuns & Dogters
13 Maart om 09:30 – 11:00 o/14 A Dogters
14 Maart om 15:30 – 17:00 1ste Seuns en Dogters
15 Maart om 09:30 – 11:00 o/14 A Dogters
om 14:00 – 15:30 2de & 3de Dogters

RUGBY
SENIOR OEFENGROEP:

| | |
|---|---|
| 6 – 9 Maart | 14:30 – 16:30 |
| 10 Maart | 14:00 – 15:30 |
| 13 – 15 Maart | 14:30 – 16:30 |

0/16:

| | |
|---|---|
| 6 – 9 Maart | 14:00 – 15:30 |
| 13 – 15 Maart | 14:00 – 15:30 |

0/15:

| | | |
|---|---|---|
| 6 Maart | 14:30 – 16:00 | almal |
| 7 Maart | 12:00 – 13:30 | A en B groep |
| 8 Maart | 14:30 – 16:00 | almal |
| 9 Maart | 12:00 – 13:30 | A en B groep |
| 13 Maart | 14:30 – 16:00 | almal |
| 14 Maart | 12:00 – 13:30 | A en B groep |
| 15 Maart | 14:30 – 16:00 | almal |

0/14:

| | | |
|---|---|---|
| 6 Maart | 10:00 – 11:30 | groep van 40 |
| 7 Maart | 12:00 – 13:30 | almal |
| 8 Maart | 10:30 – 12:00 | groep van 40 |
| 9 Maart | 10:00 – 11:30 | groep van 40 |
| 13 Maart | 10:00 – 11:30 | almal |

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

| | | |
|---|---|---|
| 15 Maart | 10:30 – 12:00 | groep van 35 |

NETBAL

| | |
|---|---|
| 6 Maart | o/14 A & B 10:00 – 11:30 |
| | o/15 A & B 10:00 – 11:30 |
| | o/17 A 17:00 – 18:30 |
| | o/19 A – C 17:00 – 18:30 |
| 7 Maart | o/14 A & B 10:00 – 11:30 |
| | o/15 A & B 10:00 – 11:30 |
| | o/15 C & D 10:00 – 11:30 |
| | o/14 C & D 15:15 – 16:15 |
| | o/17 A 15:00 – 16:30 |
| | o/19 A – C 15:00 – 16:30 |
| 8 Maart | o/14 C & D 15:15 – 16:15 |
| | o/16 A -D 12:30 – 13:30 |
| 9 Maart | o/15 C & D 10:00 – 11:00 |
| | o/17 A 17:00 – 18:30 |
| | o/19 A – C 17:00 – 18:30 |
| 10 Maart | o/16 A - D 12:30 – 13:30 |
| 13 Maart | o/14 A & B 10:00 – 11:30 |
| | o/14 C & D 15:15 – 16:15 |
| | o/15 A & B 10:00 – 11:30 |
| | o/16 A – C 10:00 – 11:00 |
| | o/17 A 15:00 – 16:30 |
| | o/19 A – C 15:00 – 16:30 |
| 14 Maart | o/14 A & B 10:00 – 11:30 |
| | o/14 C & D 15:15 – 16:15 |
| | o/15 C & D 10:00 – 11:00 |
| o/17 A | 15:00 – 16:30 |
| | o/19 A – C 15:00 – 16:30 |
| 15 Maart | o/16 A – D 10:00 – 11:00 |

TENNIS
6 – 15 Maart 1ste sessie: vanaf 10:00 – 11:00
2de sessie: middagtye soos in kwartaal 1

DANS
Geen dans

GHOLF
Geen offisiële oefening en skole liga

H) FOTO'S EN VIDEO'S
Geen foto's en video's kan van leerders geneem word nie, sonder die skriftelike toestemming van die skoolhoof nie. Slegs die skool het toestemming om leerders af te neem.

Ouers, ek sluit af deur u te bedank vir u ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms is blou en goud. Kom ons werk almal daaraan om dit so te hou.

MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

TOETSREEKSROOSTER: 6 TOT 15 MAART 2023
GRAAD 8 TOT 12

| Graad | Sessie | 6 Mrt. | 7 Mrt. | 8 Mrt. | 9 Mrt. | 10 Mrt. | 13 Mrt. | 14 Mrt. | 15 Mrt. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 8 | 1 | WISK<br>60 min | GESK<br>60 min | AFR<br>90 min | FW Toets<br>40 min<br>Ondersoek<br>10 min | ENG HL<br>60 min<br>ENG FAL | LW<br>35 min | EBW<br>45 min | Dig. Tegn.<br>40 min |
| | 2 | | GEO<br>55 min | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| 9 | 1 | GEO<br>55 min | ENG HL<br>90 min<br>ENG FAL | EBW<br>45 min | LW<br>40 min | AFR<br>90 min | FW Toets<br>45 min<br>Ondersoek<br>10 min | TEG<br>60 min | WISK<br>60 min |
| | 2 | GESK<br>60 min | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| 10 | 1 | FW<br>2 ure | REK<br>90 min<br>KUNS<br>75 min | VBS<br>60 min | LW<br>80 min | TOER<br>60 min | WISK<br>60 min<br>WG | IGO<br>60 min | BS<br>90 min |
| | 2 | IT<br>60 min | GEO<br>60 min | LANDB<br>90 min | RTT(CAT)<br>50 min | AFR<br>60 min | DRAMA<br>60 min | ENG HL<br>60 min<br>ENG FAL | |
| | | | | | | | | | |
| 11 | 1 | VBS<br>60 min | WISK<br>75 min<br>WG<br>60 min | BS<br>90 min<br>MUSIEK<br>60 min | TOER<br>60 min | AFR<br>60 min | FW<br>2 ure | LANDB<br>90 min<br>DRAMA<br>60 min | REK<br>90 min |
| | 2 | GEO<br>60 min | ENG HL<br>60 min<br>ENG FAL | LW Pr.<br>30 min<br>(lab x3)<br>LW Toets<br>50 min | KUNS<br>75 min | RTT(CAT)<br>50 min | IGO<br>90 min | IT<br>60 min | |
| | | | | | | | | | |
| 12 | 1 | WISK<br>75 min<br>WG<br>60 min | REK<br>2 ure | ENG HL<br>100 min<br>ENG FAL<br>90 min | FW<br>2 ure<br>DRAMA<br>60 min | BS<br>90 min | TOER<br>60 min | AFR<br>60 min | LW<br>80 min |
| | 2 | IGO<br>2 ure | GEO<br>60 min | VBS<br>60 min | | RTT(CAT)<br>50 min | IT<br>60 min | MUSIEK<br>90 min<br>KUNS<br>75 min | LANDB<br>90 min |




SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# KLASVERTEENWOORDIGERS 2023:

| KLASVERTEENWOORDIGERS 2023 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | SEUN | | DOGTER | |
| 8A | Roubert Botha | | Elme Vermaak | |
| 8B | MJ Bonthuys | | Mieka Mc Mahon | |
| 8C | Jes Santos | | Juané Deysel | |
| 8D | Kyle Rousseau | | Zané Naudé | |
| 8E | Dieter Voight | | Charné Fourie | |
| 8F | Josh Potgieter | | Kristine Grobler | |
| 8G | Ceygan Nysschens | | Megan Vorster | |
| 8H | André Grundling | | Leané Meyer | |
| 8I | Daniel Davies | | Livye Coetzer | |
| 9A | Luka Bessinger | | Emma Olivier | |
| 9B | Juan Le Vack | | Marli Buchner | |
| 9C | Ralph Hart | | Leané du Preez | |
| 9D | Adriaan Snyders | | Crishcé van Zyl | |
| 9E | Stephan Dolphin | | Zia Ferreira | |
| 9F | Ruan Francis | | Mé-Jean du Preez | |
| 9G | Reynard Jansen | | Jaylee Momberg | |
| 9H | Juan Muller | | Ashleigh Wolfe | |
| 10A | Christo Prinsloo | | Esmari du Plessis | |
| 10B | Stephan Ross | | Ciarah Santos | |
| 10C | Marko Delport | | Micheala Kruse | |
| 10D | Ricardo Santos | | Zané Jubber | |
| 10E | Marco Stroebel | | Miné Stroebel | |
| 10F | JJ de Lange | | Kaylee van Niekerk | |
| 10G | Leander Terblanche | | Charldine Kleyn | |
| 10H | De Wet Gerber | | Karla van Rooyen | |
| 11A | Hanro van Jaarsveld | | Nianke Bezuidenhout | |
| 11B | Johan van Zyl | | Serita Venter | |
| 11C | Willem Jansen van Vuuren | | Marli Adendorff | |
| 11D | Regardt Viljoen | | Chanté Kotze | |
| 11E | Zander Westraad | | Marie-Louise Strydom | |
| 11F | Aiden Dennis | | Annica Botha | |
| 11G | Tiaan de Bruin | | Melandré Ackermann | |
| 11H | Juan Grigor | | Nicole Classen | |
| 12A | Marco Sprong | | Ashleigh Frazenburg | |
| 12B | Jurgen van Maanen | | Venessa Bouwer | |
| 12C | Zander Minnie | | Kayleigh Erasmus | |
| 12D | Damian von Alleman | | Nikki Koch | |
| 12E | Johann van der Walt | | Danel Jansen van Vuuren | |
| 12F | Liam Barnardo | | Kelly Schoeman | |
| 12G | Kian Schellingerhout | | Heslé de Lange | |

# VRL 2023:

HOOFLEIERS :
Hein Terblanche
Zanri Black
Milla Otto

Gr 12: Jurgen van Maanen
Zander Minnie
Kayleigh Erasmus
Kelly Schoeman

Gr 11: Hanro van Jaarsveld
Marie-Louise Strydom

Gr 10: Leander Terblanche
Miné Stroebel

Gr 9: Luka Bessinger
Zia Ferreira

Gr 8: Jes Santos
Livye Coetzer

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# KRIEKETUITSLAE:

**Framesby 2de teen Douglas Mbomba**
Framesby wen die loot en boul eerste

Beste boulers:
Ethan Gunn 4 / 28
Milan Terblanche 3/27
Marko Steenekamp 2/16

Douglas Mbomba behaal 106 almal uit
Framesby behaal die telling in 17.4 overs

Beste kolwers:
Ethan Gunn 53
Marius vd Merwe 24

Framesby wen met 7 paaltjies

**Saterdag, 25 Februarie 2023**
**Framesby eerstespan vs Muir College (50 beurte)**
Framesby wen die loot en boul eerste.
Muir College behaal 51 lopies almal uit.
Beste boulers:
Juanré de Vos 18/5 in 6 beurte.
Logan Fleetwood 16/2 in 5 beurte.
Juan Grigor, Hanro van Jaarsveld en Waldo van As neem ook elkeen 1 paaltjie.

Framesby behaal 52/3 in 16.1 beurte.
Beste kolwers:
Luwagean Goliath 12* (15)
JJ de Lange 10 (13)

Framesby wen met 7 paaltjies



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# JUDO:

Stefan Ferreira en Anke Niemand het deelgeneem aan die Nasionale Ranglysgeleentheid en Suid-Afrikaanse proewe in Pretoria. Stefan verower brons en Anke silwer.







# TENNIS:



Eben Peens het die afgelope naweek aan die NMB Mini-tennistoernooi deelgeneem. Hy het in die mansafdeling deelgeneem en tot in die finaal deurgedring. Hy het net-net in die “super tiebreaker” verloor .
6-3 ,3-6 en 8-10.

Baie geluk, Eben!

# SPORTUITSLAE:

**Krieket:**
**O/14 B vs Brandwag**
Brandwag kolf eerste en behaal 42 almal uit.
Framesby onder 14 B behaal 43/4 in 9 boulbeurte en wen dus met 6 paaltjies.
Beste bouler Jayden de Vos 9/3.
Beste kolwer Owen de Coning 14 (19)

**Framesby 3des vs Lawson Brown 1stes**
Lawson Brown wen die loot. Hulle besluit om eers te boul.
Framesby behaal 210/3.
Beste kolwers:
Graeme Gellately 76 van 59 balle nie uit.
Hansie van Wyngaardt 55 van 44 balle nie uit.
Lawson Brown word uitgeboul vir 16 lopies.
Beste bowlers:
Josh Fortuin 2/0/4/3
Nathan Burkholtz 0.5/0/0/3
Caleb Beer 2/0/11/3

Framesby wen met 194 lopies.

**Framesby o/15 B vs Despatch o/15B**
Framesby wen lood en besluit om eerste te kolf
Framesby behaal 126-5 na 20 beurte
Beste kolwers:
Lian Barnard 71

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Durandt Roodman 18
Andries Vorster 16

Despatch behaal 122-5 na 20 beurte

Beste boulers:
Damian van Niekerk 2-6 (1 beurt)
Christiano Ellis 1-13 (4 beurte)
Durandt Roodman 1-15 (4 beurte)

Framesby wen met 4 lopies

**Framesby 4des teen Theodor Hertzl 1stes**
Theodor Hertzl wen die loot en besluit om eerste te kolf.
Na 20 beurte behaal hulle 181 - 2.

Beste bouler
Justin Terblanche 22-0 in 4 beurte

Framesby word beperk tot 129 - 6 in 20 beurte deur goeie boulwerk.

Beste kolwers
Aiden Dennis 63
Rico van Leeuwen 22

Framesby verloor met 52 lopies

**Tennis**
1ste meisies verloor 3-1 teen Collegiate
3de meisies wen 4-0 teen Westview

1ste seuns verloor 3-1 teen Pearson
2de seuns wen 4-0 teen Pearson
4de seuns wen 4-0 teen Westview
5de seuns verloor 3-1 teen Pearson

Bergfiets:
Vier bergfietsryers het aan die XCO (cross-country) deelgeneem Sondag. Tian Diedericks, Marie-Louise Strydom, Ethan Jonker, Jes Santos (het 3e in sy ouderdomsgroep gekom).



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY KRIEKET KWARTAAL 1 – 2023

**Januarie:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 28 | - | 2de vs Grey 2( 50 beurte ) | @ Framesby |
| 30 | - | o/14 B vs Andrew Rabie | @ Framesby |
| | - | o/14 C vs Pearson | @ Framesby |
| 31 | - | o/15 A vs VP( T20 ) | @ Framesby |
| | - | 2de Dogters vs Westering | @ Framesby |
| | - | 2de vs VP( T20 ) | @ VP |
| | - | o/14 A S vs VP( T20 ) | @ VP |

**Februarie:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | - | o/15 B vs Chatty A | @ Framesby |
| | - | 3de vs New Brighton HUB | @ NBH |
| | - | 4de vs Newton Tech 1 | @ Framesby |
| 2 | - | 1ste Dogters vs Collegiate | @ Collegiate |
| 3 | - | o/15 A & 1ste vs Kingswood ( T20 ) | @ Kingswood TBC |
| 4 | - | o/15 A & 1ste vs Kingswood ( 50 beurte ) | @ Kingswood |
| | - | 2de en o/14 A vs Kingswood | @ Framesby |
| 6 | - | o/14 A vs Grey PE | @ Framesby |
| | - | o/14 B vs Grey PE | @ Grey |
| | - | o/14 C vs Grey PE | @ Framesby |
| 7 | - | 2de Dogters vs Alex | @ Framesby |
| 8 | - | o/15 A vs Grey PE | @ Grey |
| | - | o/15 B vs Grey PE | @ Framesby |
| 9 | - | 1ste Dogters vs Alex | @ Alex |
| | - | 2de vs Grey PE | @ Grey |
| | - | 3de vs Grey PE | @ Grey |
| | - | 1ste en o/15 A vs Boland Landbou | @ Wellington |
| 10 | - | 1ste en o/15 A vs Paarl Gim | @ Paarl |
| 11 | - | 1ste en o/15 A vs Somerset College | @ Somerset Wes |
| | - | 2de vs Pearson 3 | @ Framesby |
| 13 | - | o/14 B vs Brandwag | @ Brandwag |
| | - | o/14 C vs Westering | @ Westering |
| 14 | - | 2de Dogters vs Priory | @ Framesby |
| 15 | - | o/15 B vs DF Malherbe A | @ Framesby |
| | - | 3de vs Daniel Pienaar | @ DP |
| | - | 4de vs Chatty 1 | @ Framesby |
| 17 | - | 1ste en o/15 A vs Nico Malan ( T20 ) | @ NM |
| | - | 2de en o/14 A vs Nico Malan ( T20 ) | @ Framesby |
| 18 | - | 1ste en o/15 A vs Nico Malan | @ Framesby |
| | - | 2de en o/14 A vs Nico Malan | @ NM |
| 21 | - | 2de Dogters vs Collegiate | @ Framesby |
| 22 | - | o/15 B vs Despatch A | @ Despatch |
| | - | 3de vs Lawson Brown 1 | @ Framesby |
| | - | 4de vs Theodor Herzl 1 | @ Framesby |
| 23 | - | 1ste Dogters vs New B HUB | @ Framesby |
| 25 | - | 1ste vs Muir | @ Framesby |
| | - | 2de vs Douglas Mboba | @ Framesby |
| 28 | - | 2de Dogters vs Gelvandale HUB | @ Framesby |

**Maart:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | - | o/15 B vs Gelvandale HUB A | @ Framesby |
| | - | 4de vs Patterson 1 | @ Framesby |
| 2 | - | 1ste Dogters vs DF Malherbe | @ DFM |
| 4 | - | 1ste en o/15 A vs Woodridge | @ Framesby |
| | - | 2de en o/14 A vs Woodridge | @ Woodridge |

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# NETBAL

DATUMS 2023

| DATUM | OPPONENTE | PLEK |
|---|---|---|
| 2 Februarie | Netbal-ouerinligtingsaand | Saal |
| 15 Februarie | o.19 Proewe | Netbalbane |
| 20 Februarie | o.14 Proewe(1ste Rondte) | Netbalbane |
| 21 Februarie | o.17 Proewe | Netbalbane |
| 22 Februarie | 0.15 Proewe | Netbalbane |
| 23 Februarie | o.14 Proewe(2de Rondte) | Netbalbane |
| 24 Februarie | o.16 Proewe | Netbalbane |
| 25 Februarie | Proewe 08:00-10:00 en oefenkamp 10:00-12:00<br>KEN-MEKAAR VIR OUERS(bring-en-braai) 12:00 TOT 15:00 | Netbalbane |
| 27 Februarie | REGISTRASIE VAN SPANNE | Charmaine |
| 4 Maart | Netbal Gill Fees o.16C&D, o.19C&D<br>Skommeltoernooi o.14A-C/D, o.15A&B/C, o.16A&B, o.17A&o.19B | Somerset<br>Despatch |
| 6Maart | Zone proewe | Framesby |
| 9 Maart | Subdistrik Proewe | TBA |
| 10&11 Maart<br>11 Maart | Despatch Fees o.19A&B<br>Oudtshoorn o.14-o.16B-D, o.17A, o.19C-D | Despatch<br>Oudtshoorn |
| 15 Maart | Distrik Proewe | Young Park |
| 16Maart | Laerskole dag Alle afrigters & spanbestuurders | Netbalbane |
| 17-19 Maart | NMU toernooi o.16A, o.17A, o.19A | NMU |
| 20 Maart | HP NMU o.16A, o.17A & o.19A | NMU |
| 24 Maart | o.14 Prelim Proewe | Oos Londen |
| 25 Maart | Andrew Rabie Toernooi o.14-o.19A spanne(sonder proewe dogters)<br>Netbal DSG o.14C, o.15C, o.16C, o.19C<br>Prelim Proewe o.15-o.18 | Andrew Rabie<br>Grahamstad<br>Oos Londen |
| 30 Maart -4 April | Waterklooffees o.14-o.19A-spanne | HS Waterkloof |
| 14 April | Finale Proewe o.14 – o.18<br>Netbal DF Malan & Parel Vallei Alle Spanne(sonder proewe dogters) | KING WILLIAMSTOWN<br>DF Malan |
| 15 April<br>16&17 April | Netbal DF Malan & Parel Vallei Alle Spanne(sonder proewe dogters)<br>Provinsiale Oefenkamp | DF Malan<br>KING WILLIAMSTOWN |
| 21 April | Spanlyste na Distrik | Charmaine |
| 21&22 April | Langehoven Alle spanne | Riversdal |
| 27April-1Mei | Wildeklawer o.16A | Kimberley |
| 3 Mei | Despatch League | Despatch |
| 6&7 Mei | Provinsiale oefenkamp | Oos-Londen |
| 17 Mei | Pearson liga all die spanne | Netbalbane |
| 24 Mei | Westering o.14-o.19B-D spanne | Netbalbane(t) |
| 27 Mei | HS Punt Alle spanne | Netbalbane(t) |
| 31 Mei | Alexander Rd o.14-o.16B-D, o.17A & o.19B-D | Alexander Rd |
| 3 Junie | Brandwag Alle spanne | HS Brandwag(w) |
| 14&15 Junie | Oos Kaap Kampioenskappe o.12-o.14 | Oos Londen |
| 16&17 Junie | Oos Kaap Kampioenskappe o.15, o.16, o.17 &DSTV o.19 | Oos Londen |
| 22-24 Junie | Provinsiale oefenkamp | East London |
| 25-28 Junie | All Ages Toernooi o.14-o.16 | GAUTENG |
| 5-8 Julie | Provinsiale Oefenkamp o.17 & o.18 | TBA |
| 9-14 Julie | Telkom Provinsiale Toernooi o.17 & o.18 | Wes Kaap DF Malan |
| 15 Julie<br>16 Julie | Oefenkamp o.14-o.19C&D spanne<br>Oefenkamp o.14-o.19A&B spanne | Netbalbane |
| 21-23 Julie<br>22 Julie | o.19 SASkole DSTV Kampioenskappe<br>Collegiate o.14-o.19 Alle spanne | GAUTENG<br>Netbalbane(t) |
| 29 Julie | Sportdag Diamantveld Alle spanne | Kimberley(W) |
| 2Augustus | Glasgow Academy o.16&o.18 | Netbalbane |
| 5 Augustus | Otto du Plessis o.14-o.16B, o.17A &o.19A spanne | Otto du Plessis(W) |
| 10-13 Augustus | SA Skole KAMP o.14, o.16&o.17(spanne wat kwalifiseer) | GAUTENG |
| 17-19 Augustus | Kay Motsepe SA Skole KAMPIOENSKAPPE o.15(wat kwalifiseer) | HS Bekker |
| 25&26 Augustus | Provinsiale Toenooi o.13, o.15, o.17 Fast 5 toernooi/HOOPS | Framesby |
| 1-3 Oktober | SA Top Skole Kampioenskappe FAST 5 o.15, o.17 | Gauteng |

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# HOKKIE

- Girls 1st and boys 1st preseason vs Vp (21Feb)(home)
- U16 boys EP trials (Pearson round 1)
- 1st Girls ep trials festival (10-11 March) (Pearson)
- 1st Boys ep trials festival (10-11 March) (Grey)
- 2nd Boys and 2nd,3rd,16a,16b and 16c girls – Oudtshoorn (away) (11 March)
- Ep trials u14 girls (11th March)(VP)
- Ep trials u16 girls (12th March - Pearson)
- EP trials u16 boys (round 2)
- 1st boys and girls East London (17-19 March)
- U16a girls Pearson festival (17-19 March)
- U18 girls ep trials final round @ Framesby (22 March)
- U14a girls Alex fest (24-26 March)
- U16a boys & u16a girls Westering Fest (24-26 March)
- Girls vs DSG (25 march) (Away) TBC –16b,16c, 2nd & 3rd
- Ep boys trials u18 final round
- Spar Challenge girls 1st (26 March @VP)
- 1st girls Union festival (31 March- 3 April)

- 1st girls & boys Oakhill festival (Knysna) (13-16 April)
- VG (gtown) (15 April) (away) 2nd,3rd,16a,16b,16c,14a
- All teams boys and girls – Langehoven (riversdale) (22 April) grass
- Df 1st girls and boys ( 25th April ) (Home)
- Boys – Vp (5may) (Away)1st &2nd
- Girls A team's vs VP (Away) (6 May) 1st,2nd,16a,16b,14a
- Girls 2nd & 16b team's vs Despatch 1st &16a, 1st boy's vs despatch. (Home) (6 May)
- All teams – Woodridge (9 &10 May) (home & Away)
- All teams – Westering (15&16 May) (home & away)
- 1st girls – Pearson (18 May) venue TBC
- All Girls teams Riebeek (20 May) (tbc venue)
- All teams – Punt (27 May ) (home)
- All Girls teams – Brandwag (3 June) (Away) ---- Muir boys 1st & 2nd grass
- All Girls teams – Union (10 June) – (Home)
- All Girls teams – Collegiate (19 & 20 July) (Home)
- 1st b&g ,2nd b&g , u16a & u14a girls – Priory (22 July) (home)
- All teams – Diamantveld (29 July) (Away)
- All teams – Alex -5th August (Away)
- Interskole – Nico Malan (19 August) (Away) grass
- U17 super fest – (1 & 2 September) (home)

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# DIE HANGER:

IN VOORRAAD:


**SKOOLROKKE** TEEN R415.

**SYKOUSE** TEEN R53.50 (LYCRA OPAQUE NAVY) EN R45 (SILKY SHINE).



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

## ONS GESELS MET: JANA RADEMEYER





# Jana Rademeyer

2000 As ek dit skryf klink dit baie langer terug as wat dit was. Dit is darem bitter vining verby. Ek sal in 'n oogwink teruggaan skool toe. 23 jaar terug en definitief meer as 23kg meer in massa, maar as ek myself weer as skoolkind kon vermom vir 'n dag sal dit bitter lekker wees! (Side note: Juffrou Jordaan en Cronje moet maar my taalgebruik vergewe in die paragrawe wat volg)

Ek onthou ure langs die netbalbaan, kooroefeninge laat in die middae, rugbywedstryde ondersteun met volle oorgawe. Interhuissportdae was altyd vir my 'n hoogtepunt. Ek was in klein "plaasskool" op laerskool, so Framesby was vir my 'n groot aanpassing. Toe ek eers my voete vind, het ek aan omtrent alles deelgeneem. Ek was definitief nie die beste leerling in die klas of die populêrste nie, maar ek het alles van die skool geniet!
Daar is onderwysers en afrigters wat diep spore in my wese getrap het, en baie van my grootmenskeuses a.g.v. die inspirasie van hierdie onderwysers en afrigters.
Daar is te veel om op te noem, maar elke keer as ek een van hulle sien dan vertel ek vir hulle watter groot invloed hulle op my lewe gehad het. Onderwysers se rolle is baie belangrik in kinders se lewens. Dis 'n roeping net net 'n beroep nie. Dit gaan met baie verantwoordelikheid gepaard.

Ek verlang vreeslik na die sorgvryheid van tienerwees. Dit is seker die grootste voorreg wat ons het, en dan eers baie, baie later besef. Ek mis die maagskoenlappers, as iemand vir jou 'n briefie geskryf het, of na 'n skooldans genooi het. Dinge was eenvoudiger toe, die lewe was stadiger, makliker.
Ek mis skoolvriende en -vriendinne. Ons almal sien mekaar te min.

Ek het alles gedoen wat ek kon op skool, van koor sing, redenaars, skoolkoerant, tennis, netbal, atletiek . Deelgeneem aan dansklasse buite skool tye. My arme ma het omtrent gejaag van een plek na die volgende om die vier van ons by alles uit te kry.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Prestasies is seker meer ‘n persoonlike mening as wat ander dit dalk sien as ‘n prestasie, nietemin ‘n paar uitblink-oomblikke was: Ek was deel van die OP-Kinderkoor, het provinsiale netbal gespeel tot en met my honneursjaar. Was kaptein van die onder 16/17 SA-netbalspan. Ek was op die leerlingraad van graad 10 as ek reg onthou, maar ek dink julle sal in die argiewe moet kyk of ek nie dit opmaak nie. (Side note: ek eintlik maar ‘n “closet loser” en het ernstige “issues” omdat ek nie Hoofdogter in matriek was nie. Dis nou al ‘n gespottery dat op die ouderdom van 41 ek nogsteeds op Emtia Morrison jaloers is).

Ek was lank en baie sentimeters terug ook Mej Framesby en Oos-Kaap Hoërskole. Sestien en nie gewoond aan “ladylike” wees nie, was dit nogal ‘n skok dat ek in graad 10, as die plaasmeisie moes rond paradeer in ‘n rok op ‘n verhoog. Die enigste rok wat ek eintlik wou dra, was my skoolrok. Dink my grootste trots, (wat ek nooit voor beloon is nie,) was dat ek nie een dag van Sub A ( graad 1 ) tot in Matriek ‘n dag skool gemis het nie. Dink dis duidelik dat ek skool baie geniet het. Ek was definitief nie die “cool” girl nie.

Ek was vir twee jaar na skool oorsee. Eers in Amerika; ek het in Philadelphia gewerk as Au Pair en deeltyds geswot. Ek het in Engeland gedraai, en toe vir ‘n paar maande gewerk voor ek my by UPE ( nou NMU ) aangesluit het.

Ek het ‘n sportbeurs gehad so daar was nie tyd vir stokkiesdraai nie. Ek moes maar klas op Vrydae-oggende bywoon al het ek my beste die vorige aand gegee. Drie aande ‘n week het ek by ’n “pub” gewerk en die ander aande was gevul met netbal en sosiale bedrywe. Ek het my Kommunikasie en Kultuur Graad by UPE verwerf en is toe vir my honneursjaar Maties toe. Stellenbosch swot dae was warm en moeilik,maar op af dae het ek by die Dierebeskermingsvereniging gewerk, en twee aande ‘n week in Kaapstad selfs ekstra Drama en TV-aanbiedingklasse geneem. Maties was ‘n fees, al was ek omtrent twee jaar ouer as my klasmaats. Op daardie stadium het ek gedink ek weet watter kant toe ek wil gaan met my lewe. Ek het nie. Ek het Cradock toe getrek , en vir ‘n Landbou Werkgewersorganisasie gewerk vir omtrent ‘n jaar. Cradock is klein dorpie met goeie mense. My tyd daar was bitter spesiaal.

Tot my ouers se ontsteltenis is ek toe Spanje toe. Vir amper vier jaar het ek in Valladolid skool gegee en gewerk vir ‘n sportagentskap wat rugbyspelers wêreldwyd in klubs geplaas het. Ek het self soveel probeer reis as wat ek kon. Ek het hulle taal leer praat, kos geëet saam met plaaslike inwoners en belasting betaal. Spanje was die beste leerskool oor die lewe. Ek was intussen al 5 keer terug om te gaan kuier.

2010 was ek terug op Suid-Afrikaanse bodem. So het my ander besighede ontstaan, en ek ‘n treetjie nader aan ‘n grootmens gekom. Ek het deeltyds vir die Melk Produsente organisasie gewerk en Slipperfields, ’n troue- en konferensievenue begin en bestuur. Ek kon geld by die bank van JW Rademeyer leen om Slipperfields te begin, en weet dat dit ‘n groot voorreg was. Na 5 jaar was die skuld vereffen en was ek amper ‘n grootmens wat self moes pa staan vir alles wat nog kom, insluitend die RONA wat basies versoorsaak het dat ek nie sal kan aftree eendag nie. Daar was baie lesse geleer, gesmokkel en gesmous in hierdie tyd, maar ons is daardeur.
( Side note: Ek gebruik nie die “C word” nie dis waar RONA vandaan kom).

Slipperfields is my eerste baba. Dis harde werk om ‘n besigheid binne die gasvrydheidsektor te begin, en ’n nog harder werk om ‘n sukses daarvan te maak. Maar dis nou 13 jaar later en Slipperfields is steeds ‘n kosbare en, as ek self so mag sê ’n pragtige plek. Ek was bevoorreg om al deel te wees van baie mense se vieringe. Op ‘n stadium het ek en my sussie ook ‘n babawinkel in PE begin , Nesting Place, maar ek dink ons was dalk te optimisties met ons gehalte van produkte, en was daar toe nie regtig in in ons duursame produkte ingekoop nie. Maar dit was ook ‘n goeie les om te leer. Alles wat jy aanpak gaan nie noodwendig ‘n sukses wees die eerste keer nie.

In my geval het ek nog altyd inspirasie in ander om my gevind, my ouers wat uiters hardwerkend is, my susters en boetie wat, net soos ek, weet dat alle voordele wat ons mag hê ons nie altyd verdien nie, maar dat ons dit moet gebruik as die geleentheid homself voordoen. Drie van my ander besigheidsvennote wat vroue is, vir wie ek ongelooflik baie respek het. Ek glo dat dit noodsaaklik is om werksverhoudinge te hê met ander wat in sekere areas jou eie vermoë oortref, en tekortkominge uitbalanseer. . Dit is hoe ander jou aanvul en hoe jy self groei.

Decor Company (blomme en dekor maatskappy), Swanlake Gardens (venue in Kragga Kamma weg, en nou Die Hoofmeises by Die Kosblik (Hoërskool Framesby se kafeteria) is alles besighede waar nie net my werk, opofferinge en talent tel nie, dit sal nie bestaan as dit nie was vir persoon wat aan die oorkant van lessenaar van my sit nie. Die span wat ‘n besigheid bedryf is nie een persoon nie, dit neem meer as net een. Binnekort maak daar nog ‘n besigheid Second Time Around sy deure oop, en ook hier is ek in ‘n gesamentlike onderneming met ’n goeie vriend, wat sy mark en klientebasis goed ken. Ek vereenselwig my graag met ander wat altyd meer as hul deel doen, eerlik is in hulle onderneming en outentiek is.


Ek kan ‘n boek skryf oor mense wat ek al deur die werk ontmoet het , reise wat my na fantasiese plekke geneem het , en trane wat al gestort is as mens jou mylpale nie so vining of goed bereik soos jy gehoop het nie. Ek sal niks in my lewe verander nie, tussendeur al die lang ure se werk, het ek net so baie ure se kuier en lag. Maar in alle eerlikheid weet ek nogsteeds nie wat ek wil wees as ek eendag groot is nie.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Ek het op ‘n plaas groot geword, en bly steeds op ons familieplaas Bergsig Boerdery. Diere lê my nog altyd na aan die hart.. Ek is ‘n “sucker” vir ‘n SPCA of DBV hond. Omtrent al die honde wat ek al gehad het, was aanneem-honde. My eerste hond, was vernoem na my graad 8 kêrel (genade ek was regtig ‘n loser) Die naam was gelukkig vir hom agterstevoor om gespel. (Hom is die kêrel nie die hond nie) Huidiglik het ek twee honde Ben en Garfield by my huis en ook baie te sien by Slipperfields as ek daar werk, en dan Feya en Baily wat by my ouerhuis loseer. Voor hulle was daar twee ander aanmeen-honde Jack wat ‘n Labrador was en Bob wat ‘n Jack Russel was (Side Note : Bob is vernoem na die rugbyspeler Bob Skinstad – goeie genade ek was oortuig hy sou eendag my man wees, wel hy en elke ander rugbyspeler wat my kêrel was van graad 10 tot ek getroud is. (Daar was net 3, nie ‘n hele span van hulle nie.)

My regte baba, en gunsteling is ons seun Richard John Van Eyk.
RJ raak 10 hierdie jaar, en hy is absoluut die beste deel van my. Hy is ondeund, maar gelukkig vir hom die mooiste seun met groot blou oë. Vir my, is hy ‘n groot dryffaktor in my lewe , en die nalatenskap wat ek vir hom wil los. Nie noodwendig ‘n fisiese nalatenskap nie, maar die trots in familiewaardes, tradisies, leef in die oomblik en jou beste gee. RJ is ‘n positiewe seun wat ook aan alles wil deel neem, hy het definitief baie sporttalent van sy pa en grootouers geërf. Hy is ontsettend vrygewig vir die wat minder het, sal hy die hemp op sy rug uittrek en vir ‘n ander persoon gee. RJ is lief vir kosmaak saam met my of ons alleen by die huis is, en of as ons spyseniering moet doen vir 300 gaste. Ek kan nie wag om te sien watter berge hy alles in die toekoms gaan versit nie. En tot dan sal ek aanhou voorgee ek is ‘n grootmens, en hopelik iewers langs die pad uitvind om dit presies reg te doen.

Groete Jana Rademeyer
Die Hoofmeisie, entrepreneur , troste ma en snoepietannie.












SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# ALUMNI SAMEKOMSTE 2023:

**10 Junie:** Kaapstad (lokaal sal teen einde Januarie 2023 bevestig word)
**17 Junie:** Affies,1920 Restaurant, Pretoria
**12 Augustus:** Framesby, Port Elizabeth (Sportnaweek teen Marlow)
**9 September:** Oubaai Golf Estate, George
**16 September:** Bains Lodge, Bloemfontein

Moet dit nie misloop nie! Dagboek solank die bogenoemde datums.

Verdere inligting sal binnekort deurgegee word en besprekings kan vanaf 1 Maart 2023 gemaak word. Kostes sal teen einde Januarie 2023 deurgee word. Kaartjies sluit kos en drank(alkoholiese en nie-alkoholiese verversings) in. Ons moedig reunie-groepe aan om hul samekomste die 12de Augustus te hou.



# OUDSKOLIERE MEMORABELIA:

Ons wil graag memorabelia vir ons oudskoliere ontwerp en laat maak. Enige voorstelle kan na mediasentrum@-framesby.co.za ge-epos word.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# OUDSKOLIERE BERIGTE:

Indien jy iemand vir die Oudskoliere-berig wil nomineer, kontak ons gerus : mediasentrum@framesby.co.za.

Ons wil graag berigte plaas van al ons oudskoliere, maar benodig hul selfoonnommer/e-pos om kontak te maak.

Dis altyd lekker om te hoor waar ons oudskoliere hulself vandag bevind sowel as om terug te kyk na almal se Framesby herinneringe.



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- ○ SELFOONNOMMER:
- ○ E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7




DOXA DEO

Doxa Deo Brymore
26 Benmore Ave
Brymore
Gqeberha

https://www.doxadeo.org/brymore/
041 360 8941

**UITNODIGING NA SKOLE AAND BY DOXA DEO BRYMORE GEMEENTE**

Beste Mnr Germishuys,

Een van ons jaarlikse Hoogtepunte vir 2023 is ons Skole-aand.

Ons skole-aand vind plaas op **Sondag 5 Maart 2023**. Ons het dit dus goed gedink om die diens **18:00** te begin.

Hiermee nooi ons alle personeel en studente uit, wat deel is van die leerlingraad van Hoërskool Framesby na ons skole aand toe.

Ons versoek dat alle leerders trots in hul skooldrag geklee sal wees.

Onderwysers en hul metgeselle word uitgenooi om na afloop van die diens verversings saam met ons as span en ander skole te kom geniet. Leerders sal ook na die diens 'n verversing kan kom geniet. Koffie en tee sal aan die ouers bedien word.

Kantoor nommer:
041 360 8941 of per e-pos:
pe@doxadeo.org

Dit sal vir ons 'n voorreg wees om jou en jou span tydens hierdie geleentheid te ontvang.

Vriendelike Groete
Doxa Deo Brymore Span




# MARKET LEADERS

## IN GATE AUTOMATION

## SMART DRIVEN GATE MOTORS




CenturionSystems | CenturionSystems | @askCenturion | centurion.systems | Centurion Systems

**PORT ELIZABETH** BRANCH

**+27 41 367 1292 | www.centsys.co.za**

A BRAND OF FAAC TECHNOLOGIES

ISO 9001:2008 REGISTERED FIRM

SOUTH AFRICAN INITIATIVE

24 MONTH WARRANTY


TWO
4
ONE
FREE
BRANDED
Sunglasses*
up to R3100
Terms and conditions apply
spec savers
POLICE
HUGO
EYEWEAR
CONVERSE